Bied aan
Debatskompetisie vir Laer- en Hoërskole

Aandag: Alle Kultuur- en Debatliefhebbers!

Die Con Spirito Kultuurvereniging bied vanjaar 'n debatskompetisie aan.

Con Spirito!!!! is 'n unieke Kultuurvereniging, Kultuur met Geesdrif, wat nou al vir die *negentiende* agtereenvolgende jaar aan die Oos-rand funksioneer. Con Spirito het die afgelope 4 jaar uitgebrei en vind tans in die volgende streke plaas: Gauteng, Suid-Kaap, Wes-Kaap, Kwazulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, Noordwes en Namibië.

Con Spirito is daar vir enige vorm van kultuur. Die Vereniging wil graag:

- kultuur bevorder;
- geleenthede skep; en
- talente ontdek en ontwikkel.

NUWE DEBATSKOMPETISIE 2021

- Die kompetisie sal uit twee rondes bestaan, nl. eerste rondes in April/Mei/Junie en finale ronde in Augustus.

Eerste rondes		
Saterdag 24 April	Hoër Meisies Paarl, Wes-Kaap	
Vrydag 7 Mei 2021	Hoërskool Wolmaransstad, Noordwes	
Maandag 24 Mei Dinsdag 25 Mei	Helpmekaar Kollege, Johannesburg	
Vrydag 11 Junie Saterdag 12 Junie	Hoërskool Transvalia, Vereeniging	
Donderdag 24 Junie	Bloemfontein	
Finale rondes		
Vrydag 20 Augustus	Semi-finaal	Pretoria/Johannesburg omgewing
Saterdag 21 Augustus	Finaal	

- **Inskrywingsfooi:** R340 per span
- **Registrasie vir finale ronde:** R100 per spanlid
- **Sluitingsdatum:** 19 Maart 2021 (inskrywings op www.conspirito.co.za)
- **Onderwerpe:**

Gr 6 - 7	Inleidend	Aanlyn klasse is beter as tradisionele (aangesig tot aangesig) klasse.
	Opponerend	Aanlyn klasse is NIE beter as tradisionele (aangesig tot aangesig) klasse nie.

Gr 8 - 9	Inleidend	Afrikaanse musiek vergelyk goed met die internasionale musiekmark.
	Opponerend	Afrikaanse musiek vergelyk nie goed met die internasionale musiekmark nie.
Gr 10 - 12	Inleidend	Daar is nog plek vir matriekafskeid in Suid-Afrika.
	Opponerend	Daar is nie meer plek vir matriekafskeid in Suid-Afrika nie.

PRYSGELDE (finale ronde):

Eerste plek: R500 per spanlid
Tweede plek: R250 per spanlid
Derde plek: R200 per spanlid

KONTAKBESONDERHEDE:

Lizelle van Staden (Besturende Direkteur) 083 660 4822
Zelmarie Maré (Organiseerder) 074 683 3995
Faks: 086 652 3791
E-pos: lizelle@conspirito.co.za / zelmarie@conspirito.co.za
Navrae: **admin1@conspirito.co.za**
Webwerf: **www.conspirito.co.za**

Besoek gerus ons Con Spirito facebookblad vir enige nuus.

BANKBESONDERHEDE:

FNB
Con Spirito Kultuur (Pty) Ltd.
Business Cheque, account no. 62791986460
Sunward Park
Branch code: 201209
Verwysing: Debat/Skool/Naam

BELANGRIKE INLIGTING:

1. Slegs aanlyn-inskrywings word aanvaar. **Belangrik:** ALLE inskrywings moet aanlyn gedoen word op www.conspirito.co.za Ouers/afrigters/onderwysers moet eers hulself registreer en dan die leerders. Daarna kan die spanne ingeskryf word.
2. Alle aanlyn-inskrywings kan deur die Payfast veilige betalings platform gemaak word. Hierdie platform maak voorsiening vir beide elektroniese oorplasings, sowel as kredietkaartbetalings.
3. Indien 'n direkte internetbetaling verkies word, is dit betaalbaar aan CON SPIRITO. Sien bankbesonderhede op bl. 2. 'n Bewys van betaling moet aan Con Spirito gestuur word met duidelike verwysings, sodat die gelde geallokeer kan word. **Deelnemers kan nie op die program geplaas word, indien bewys van betaling nie ontvang is nie.**
4. Inskrywingsgelde is NIE terugbetaalbaar nie, behalwe in gevalle waar die betrokke kompetisie nie plaasvind nie.
5. Leerders/Spanne kan privaat of deur hulle skool inskryf.
6. Registrasie en inskrywings word aanlyn op www.conspirito.co.za gedoen en betalings kan d.m.v. EFT of Payfast gemaak word.

7. GEEN laat inskrywings word aanvaar nie. Laat inskrywings kan slegs aanvaar word indien die program dit toelaat. Neem kennis dat **inskrywingsgelde DUBBEL per span** vir 'n laat inskrywing gevra word.
8. Vir enige veranderinge nadat die finale skedules opgestel is, word 'n R30 adminfooi per span gevra.
9. Aanlyn-inskrywingsvorms moet VOLLEDIG ingevul word. Korrekte kontakbesonderhede word benodig vir opvolg en kommunikasie. Name en vanne moet korrek op die inskrywingsvorm ingevul word.
10. Deelnemers wat nie die reëls en bepalings nakom nie sal gediskwalifiseer word.
11. Tydbeperkings soos aangedui in die riglyne mag nie oorskry word nie. Deelnemers sal gestop word.
12. **Tegnologie:** Tydens die kompetisie mag spanne van tegnologie gebruik maak, maar GEEN hulp mag elektronies van buite gegee word nie. Ons maak op die leerders/ouers/toeskouers/afrigters se integriteit staat.
13. Toegangsgelde van **R25.00** per persoon word tydens die kompetisie by die deure vir toeskouers gevra. Toegang vir afrigters en deelnemers is gratis.

PROGRAMME, INSKRYWINGS en ONTTREKKINGS

1. Con Spirito sal direk na die inskrywings se sluitingsdatum laat weet wie voorstanders en wie teenstanders is.
2. Skole/spanne mag by enige van die vyf venues inskryf.
3. Vanaf 1 April word geen veranderinge meer aanvaar nie. Toestemming sal volgens meriete gegee word en 'n adminbetaling van R30 per span sal gevra word.
4. Spesiale versoeke moet duidelik per e-pos, tesame met motivering gerig word aan: debat@conspirito.co.za. Versoeke sal volgens meriete oorweeg word.
5. **Onttrekking** van 'n spanlid: Leerders mag op enige stadium van die kompetisie onttrek en deur 'n ander spanlid vervang word. Dieselfde leerder mag egter nie in meer as een debatspan deelneem nie behalwe in nood en indien skriftelik aansoek gedoen word. Con Spirito sal die versoek volgens meriete hanteer,

TOEKENNINGS:

EERSTE RONDES			
Diploma	90 – 100%	A++	90 - 94%
		A+++	95 – 100%
Sertifikaat (goud)	80 – 89%	A+	85 – 89%
Sertifikaat (silwer)	70 – 79%	B	70 – 74%
		B+	75- 79%
Sertifikaat	69% en minder		
Itemwenner	Hoogste persentasie behaal in item	Minimum van 90%	
FINALE RONDE			
Diploma	90 – 100%	A++	90 - 94%
		A+++	95 – 100%
Sertifikaat (goud)	80 – 89%	A+	85 – 89%
Sertifikaat (silwer)	70 – 79%	B	70 – 74%
		B+	75- 79%
Sertifikaat	69% en minder		

Finale deelname knopies	Elke leerder wat deurdring na die finale ronde EN deelneem, ontvang ’n knopie en ’n sertifikaat
Eerste plek per afdeling:	Per spanlid: Wennerssertifikaat Wennersknopie Wennersbalkie R500 Trofee
Tweede plek per afdeling:	Per spanlid: Sertifikaat Knopie R250
Derde plek per afdeling:	Per spanlid: Sertifikaat Knopie R200
Wisseltrofeë / lapelbalkies	Afdelingswenners in elke kategorie wanneer ’n leerder in minstens drie verskillende items in hierdie afdeling deelgeneem/presteer het.
Spesiale toekennings:	’n Wisseltrofeë word toegeken aan die mees veelsydige Con Spirito leerder in Hoërskole, asook aan die mees veelsydige Con Spirito leerder in Laerskole (Junior en senior afdelings), per streek. Laasgenoemde moet in ten minste DRIE verskillende afdelings presteer.

CON SPIRITO DEBATSKOMPETISIE
RIGLYNE en FORMAAT

1. Afdelings:
    a. Graad 6 tot 7 (Laerskool)
    b. Juniors: Graad 8 tot 9 (Hoërskool)
    c. Seniors: Graad 10 tot 12 (Hoërskool)
2. Die struktuur vir al drie afdelings is presies dieselfde.
3. Die onderwerpe verskil wel.
4. TYD:
    a. Laerskoledebat (graad 6 – 7) 25 minute
    b. Hoërskoledebat (graad 8 – 9 en 10 – 12) 35 minute
5. ’n Debat word gevoer deur TWEE spanne: Voorstanders en teenstanders.
6. Elke span bestaan uit TWEE spanlede.
7. Con Spirito verskaf vooraf ’n voorgeskrewe onderwerp waaroor gedebatteer word.
8. Con Spirito sal direk na die inskrywings se sluitingsdatum laat weet wie voorstanders en wie teenstanders is.
9. Spanne kry vier tot ses weke tyd om voor te berei, vanaf die bekendmaak van die onderwerpe tot en met die kompetisie.
10. Tegnologiese navorsing is deurgaans toelaatbaar tydens die debat (rekenaar, selfoon, internet, ens.).

STRUKTUUR		**TYD**	**Totaal**
FASE 1 *Inleiding*	Ontleding van die onderwerp met argumente. Stelling – spanlede kan self besluit wie hier die spreekbeurt kry en of beide dit gaan doen, maar enige van die voorstanders kry die eerste spreekbeurt.	2 min per span	(4 min)
	Spanlede doen samespreking (koukus) onder mekaar.	1 minuut	(1 min)
	Vrae word deur al die spanlede gevra oor die ontleding.	2 min per span	(4 min)
FASE 2 *Debattering oor argumente*	Teenstanders kry eerste ’n spreekbeurt. Volgorde: Teenstander 1, Voorstander 1 Teenstander 2, Voorstander 2		

	Oop gesprek. Handhaaf orde en hoflikheid. VRAE: 1. Elke span mag (enige tyd) 'n maksimum van vier vrae vra. 2. Dui aan deur 'n klokkie te lui wanneer 'n vraag gevra wil word. 3. Die opposisie besluit self wanneer die vraag gestel word. 4. Alle vrae MOET beantwoord word. Alle argumente moet bewyse hê. Twee tot vier argumente per span.		(20 min)
FASE 3 *Slotsom*	Spanne kry drie minute om saam hul span se repliek te beplan.	3 min	(3 min)
	Voorstanders eerste spreekbeurt. Geen nuwe argumente, bewyse of vrae nie. Spanne mag nie mekaar onderbreek nie.	1.5 min per span	(3 min)
		Totaal	**35 minute**

REËLS EN RIGLYNE

1. Goeie taalgebruik (Onwelvoeglike taal sal nie geduld word nie).
2. Hoflikheid, ordelikheid.
3. Akkommoderend.
4. Intellektuele inhoud.
5. Handhaaf orde.
6. Vrae tydens Fase 2 moet kort en kragtig (maksimum 15 sekondes elk) en nie-ontwrigtend wees.
7. Spanpoging – samewerking en interaksie tussen al twee spanlede is uiters belangrik.